# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Kerstyd

**9 DESEMBER 2022** | JAARGANG 20

UITGAWE
**19**

# INHOUD


## 02 VRYPOS-FOKUS

**02** **"In Hom was lewe, en dié lewe is lig vir die mense"**
*Lig.*
*Ons het lig nodig om te kan lewe; ons en die plante en diere op Planeet Aarde.*

## 03 ARTIKELS

**03** Verbi Divini Minister | **Natuurlike Verskeidenheid**

**03** JST | **The Journal of Systematic Theology**

**03** Werkgroep vir Islam | **Islam en Kersfees**

**03** Algemeen | **'n Mooi storie om te vertel...**

**03** Algemeen | **Al hoe minder**

**03** Afrika-Ekumene | **Opwindende Argief-projek oor Sendingpersoneel, Malawi**

## 05 MEDIATEEK

**05** Resensies | Amazing Grace
**A Vocabulary of Faith**
Skrywer: Kathleen Norris

**05** Inventaris

## 07 EKOLOGIE

**07** Climate Change | **Rus vir die hele aarde**
Ernst M Conradie
***A Challenge to the Churches in South Africa***

## 09 LEER KEN

**09** Moderamen | **Annamarie Mostert**

**09** Moderamen | **Lé-Roy Wentink**

**10** Nuut | **Ds Domonic Basson**

**11** Nuut | **Ds Réne Wessels**

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

## 15 OPLEIDING

## 16 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

## 17 KALENDER

## 18 BETREKKINGS

## 20 VERJAARSDAE

## 22 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS

# Kerstyd

Ons vier Kersfees oor die misterie dat die Heilige God die hemel skeur en in Jesus Christus mens word en onder ons kom woon. Dit is nie maar net nog 'n geboorte wat feestelik herdenk word nie, maar die koms van die Een wat as God se Verlosser na die wêreld gestuur is.

Die Here God regeer, maar dit is ook Hy wat verlossing en lig bring vir die hele aarde. Almal moet hulle daarin verheug. Want daar kom 'n Redder wat alles sal herstel en 'n nuwe lewe bied. Die Redder word in Bethlehem gebore as seun van 'n maagd en Hy word groot eer bewys. Daar is uitbundige vreugde oor Sy geboorte.

***Oorgeneem uit** Preekstudies en Liturgiese Voorstelle 2010-2011*

# Seën

God se hoop sal vir jou 'n anker wees te midde van die hooploosheid van die wêreld. God se vrede sal oor jou hart en verstand die wag hou. God se vreugde sal jou dra ook deur hartseer tye. God se liefde sal so 'n werklikheid vir jou wees dat ander God in jou sal beleef.

*Amen*

***Oorgeneem uit** Woord en Fees Jaar A 2016-2017*






## Uit die Redakteur se pen

In hierdie Kers-uitgawe is ons dankbaar vir 'n jaar propvol seëninge, dankie vir elkeen se bydrae en deelname. Daar is heelwat lekker-lees leesstof, loer gerus. Ons groet ook (teen ons sin) vir Karisma Coetzer, wat vir ses jaar in diens van die Sinodale Kerkkantoor was. Karisma, ons het groot waardering vir jou lojale en vooruitstrewende diens. Jy het diep voet-spore hier getrap en ons gaan jou menswees mis - dankie vir ses jaar en seënwense vir die nuwe avontuur wat voorlê!

Kerstyd is op ons voorstoep, mag dit geseënd, gelukkig en goedhartig wees vir elkeen van ons lesers. Kom loer, lees en leer saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die eerste Vrypos-uitgawe vir 2023 sal op Vrydag 27 Januarie verskyn. Kyk gerus na ons webblad-kalender vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

Celicia McLean

# VRYPOS-FOKUS

## "IN HOM WAS LEWE, EN DIÉ LEWE IS LIG VIR DIE MENSE"

DEUR DS JAN LUBBE, MODERATOR

**"Ons het lig nodig om te kan lewe; ons en die plante en diere op Planeet Aarde."**

Lig.

Ons het lig nodig om te kan lewe; ons en die plante en diere op Planeet Aarde. Maar ook die diep ruimtes in, ver bokant ons: Hoe het ons ons nie vanjaar verwonder oor die foto's wat die James Webb-teleskoop ons laat sien het nie – die geskiedenis van lig, dertien biljoen jaar oud. En as nóg 'n jaar nou klaarmaak en ons hierdie wenteling rondom ons naaste ster – die son – voltooi en in gedagte hou dat die Skrifte sê ons dalk sewentig (of as ons sterk is tagtig) jaar daarvan sal meemaak (Psalm 90), dan word mens stil en dankbaar vir vanjaar se lig.



*Foto:*
*Ds Jan Lubbe, Voorsitter Moderamen*

Soveel te meer, vanjaar. Die jaar 2022 was vir baie mense een van donkerte en uitputting. Die herstel ná Covid-19, nie so maklik. Nege maande al woed die oorlog in die Oekraïne; is landskappe en gemeenskappe in duisternis en rou gedompel. Hier besef ons dat ESKOM dalk nie oor twee weke krag vir ons kersliggies of kersete sal kan gee nie. Magte van chaos dreigend. Dorpies in die Vrystaat in 'n stryd om oorlewing, soekend na lig en uitkoms. Gemeentes wat klein geword het en leraars bekommerd. Halwe waarhede en fopnuus wat ons verwar of mislei. In ons persoonlike verhoudinge – óók in die kerk – beleef ons stukkendheid. Die vlae van geweld wat oor huise, strate en skole trek, woorde soos vuishoue. Die diep skaduwees in onsself. Ons sou dit nie kon ontken nie:

Uit die Psalms van ou Israel: Gód is my lig en my redder, waarom sal ek bang wees (Psalm 27:1)? Uit Jesus van Nasaret se mond: "Ek is die lig vir die wêreld" (Johannes 8:12). Uit die vroeë Kerk – die Geloofsbelydenis van Nicea oor Wie Jesus is – "Deum de Deo, lumen de lumine"; "Lig uit Lig". Nie net getuig die Bybel oor wat ons van die ware Lig bely nie; dit vertel ook van die belewenis van Lig: Wanneer God verskyn – die brandende bos op die berg voor Moses, of skitterend soos sonlig oor die vlakte voor Habakuk – wek dit ontsag. Die ster oor Betlehem. Die verheerliking van Jesus op die berg én sy verskyning in die visoen op Patmos; glansryk, oorweldigend, lig. En tussen-in, elke kleine dag en gewoon: God se woord wat 'n lamp is vir my voet, 'n lig op my lewenspad (Psalm 119:115). Die lig van Gods aangesig wat oor ons skyn, soos 'n seënbede (Numeri 6:25).

Die realiteit van donkerte, dwaasheid en dood hang oor ons planeet...

Maar juis nóu help die ou Skrifte ons! Dit is juis ín die worstelgesprekke van 'n Job – te midde van groot lyding en verlies – dat die woord "lig" sewe-en-twintig keer opklink, die meeste van alle Bybelboeke; dié verlange na God self, die Bron van ons lig. Die Bybel vertel van Genesis 1 tot Openbaring 22 van daardie lig. Eers as 'n belydenis: Gód is lig (1 Johannes 1:5). Gód het gesê: Laat daar lig wees, en so het dit gebeur en dit was goed (Genesis 1:3).

Daarby die belewenis dat Hy ons roep na "sy wonderbare lig" (1 Petrus 2:9); dat ons genoem word "kinders van die lig" (1 Thessalonisense 5:5) en aangemoedig word om te lewe "as kinders van die lig" (Efesiërs 5:8)! Die Lig het óns verander! En dan, dat die Bybel ons bemoedig met die beloftes oor die Lig: Dat die lig méér sal word, juis "waar daar net benoudheid en donkerte en angs is" (Jesaja 8:22). Dat die son van geregtigheid sal verrys met genesing in sy strale (Maleagi 4:2).

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | ALGEMEEN | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Natuurlike Verskeidenheid**

Dr Wessel Wessels
Erediens Netwerk



**Lees hier »**

BEDIENINGSBEGELEIDING

JST

***The Journal of Systematic Theology***

Dr Henco van der Westhuizen
VBO Netwerk

**Loer hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

**Islam en Kersfees**

Dr Enrico Casaleggio
Raad van Vennote in Getuienis



**Lees hier »**

ALGEMEEN

Algemeen

**'n Mooi storie om te vertel...**

Ds Chris de Vries
Leraar van Kopanong Kerk




**Lees hier »**

ALGEMEEN

Algemeen

**Al hoe minder**

Dr Leon Foot
Leraar van NG Gemeente Welkom-Suid




**Lees hier »**

AFRIKA-EKUMENE

**Opwindende Argief-projek oor Sending-personeel, Malawi**

Mariëtte Odendaal, oorgeneem uit Getuienisaksie Eenheidsbediening




**Lees hier »**



# PROJEK SENDINGPERSONEEL WERKSAAM IN MALAWI 1962-2020

## NGK ARGIEF

IN SAMEWERKING MET

## Getuienisaksie & CCAP Nkhoma Argief

**SOEK JOU INSETTE**

KONTAK DR LIZELLE SMIT:
lizelle@kaapkerk.co.za

*Riverhead Books 1999-04-01*

Skrywer
**Kathleen Norris**

# Amazing Grace
# **A Vocabulary of Faith**

*"An engaging meditation on the language of faith."*

## INCARNATION

***"I also tend to think of the Incarnation in terms of language, as a wonderful tension between the Word of God and human words, which is evident in the language describing the Annunciation. When the angel Gabriel first adresses Mary, it is in exalted, even imperial, language: "Hail, thou that art highly favoured, the Lord is with thee." (I use the King James Version because the New Revised Standard is flat by comparison, and sounds too much like Star Wars talk: "Greetings, favored one. The Lord is with you.")"***

"Norris draws upon her considerable poetic skills to refashion the vocabulary of the church into her own religious vocabulary. In each of these meditations, Norris uses anecdotes and humor to invest these words with fresh meanings... Norris's lyrical prose rings with clarity and grace as she brings to life her experience of the church's vocabulary."


- ***Publishers Weekly***

"Seizes upon ideas of religion that even for the non-religious reader are rich in a reassuring humanity... There are simultaneous winks and caresses in her deeply personal glimpses at the large ideas formulating human faith."

- ***San Francisco Sunday Examiner & Chronicle***

"An erudite surprisingly easy-to-read lexicon of the basic terms of Christianity."

- ***Mirabella***




**Boekprent oorgeneem uit** © 2022 Goodreads, Inc.

## INVENTARIS | **Mediateek**

**Die Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee. Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink by (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.

**Loer hier** »



**OPEN** 1 OKTOBER 2022 | **SLUIT** 31 JANUARIE 2023

# BEURSAANSOEKE 2023

Die NG Kerk Vrystaat stel beurse beskikbaar aan studente wat Teologie sowel as vir ander studierigtings studeer. Die fondse vir hierdie beurse is verkry deur bemakings aan die NG Kerk Vrystaat en die Helpmekaar Vrystaat.

Studente wat Teologie studeer of wil studeer met die oog daarop om 'n predikant in die NG Kerk-familie te word, kan aansoek doen by die Beursfonds vir Teologiese studie.

Studente wat in enige ander rigting wil studeer, kan aansoek doen by die Helpmekaar Vrystaat.

**Terme en voorwaardes geld*

**VIR MEER INLIGTING KONTAK**

**Tertius Botha**
tbotha@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

**KLIK HIER**

# ERNST M CONRADIE | **RUS VIR DIE HELE AARDE**




***Oorgeneem uit** Getuienisaksie Eenheidsbediening en VrydagNuus, NG Kerk Wes-Kaapland*

"Conradie is 'n internasionaal erkende en gewaardeerde teoloog wat dit geniet om met ander saam te werk." So skryf ons eko-korrespondent, David Botha, oor Ernst Conradie – Botha se laaste bydrae oor sy kort reeks oor eko-teoloë. 'n Werk wat nie net vir Conradie groot vreugde en vervulling gegee het nie, maar ook die boodskap van die hoofstroom kerke in Suid-Afrika oor die ekologiese uitdagings geword het, is *Climate Change – A Challenge to the Churches in South Africa*, wat in 2009 as 'n projek van die SARK (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke) verskyn het. Beide die VGK en die NGK is lidmate van die SARK. Alhoewel daar al 'n hele klompie mooi goed in die VGK en NG Kerk rondom ekologie gebeur het, was ons reaksie op *Climate Change – A Challenge to the Churches in South Africa*, heeltemal te flou. Kom ons haal as gemeentes hierdie kosbare dokument weer uit ons laaie – tans beskikbaar op Getuienisaksie se webtuiste.

---

DEUR **DAVID P BOTHA**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Lees meer** »


LIGapp

Kategese vir die volgende generasies

# LigApp Kategese

is relevante, Bybelse kategese vir jongmense.

**Maak vandag 'n verskil aan die geloofsreis van jong gelowiges!**







Artikel Kerkbode

**Loer hier**

YouTube video

**Skryf nou in en ontvang GRATIS leiersopleiding vroeg in Januarie 2023**

Is jy reg vir 'n **GROOT 2023**?

**LigApp Kategese** is daar!

LAAI HIER AF >

*Om aan te sluit of vir meer inligting **kontak LigApp by francois@ligapp.co.za***

# LEER KEN

## DIE MODERAMEN



# Annamarie Mostert

OUDERLING | **NG GEMEENTE PELLISSIER**

VERJAAR: 27 Junie. BEROEP: Eienaar van EduLight, redakteur van akademiese- en besigheids-tekste, navorser in taalprogram-evaluering en Veritas-fasiliteerder. GUNSTELING TYDVERDRYF: Luister na musiek (klassiek tot modern) en lees (oor alle genres heen). TOP DRIE GUNSTELING-SKRYWERS: C.S. Lewis, Stephan Joubert en T.S. Eliot. GELOOFSMOTTO: Leef die onbaatsugtige liefde van Christus nederig uit in diens aan ons medemens, geïnspireer deur 'n dieperwordende verhouding met God en sy Woord onder leiding van die Heilige Gees. KONTAKBESONDERHEDE: annamariem@mweb.co.za, 082 463 1505 of www.editA1.com (webwerf)

# Lé-Roy Wentink

OUDERLING | **NG GEMEENTE RIEBEECKSTAD-ERFDEEL**

VERJAAR: 29 September. BEROEP: Voltydse jeugwerker asook bedienaar met erediens-bevoegdheid. GUNSTELING TYDVERDRYF: 'n Groot liefde vir tuinmaak, hou van groot feesvieringe soos kunstefeeste, popkonserte, ensovoorts en kyk graag na reeksverhale. TOP DRIE GUNSTELING-SKRYWERS: John Ortberg, Leonard Sweet en Stephan Joubert. LEWENSFILOSOFIE: Elevation Worship sing 'n liedjie, *Do it again*. Die woorde van die liedjie sê *I've seen you move the mountains, and I'll believe You'll do it again. You've made a way where there was no way, and I believe I'll see You do it again.* KONTAKBESONDERHEDE: lrwentink@gmail.com of 078 745 9509



# LEER KEN

## NUWE LERAARS

**Ds Domonic Basson**

NG Gemeente St Helena (Welkom)

### VAN WAAR?

Domonic Basson is gebore op 22 Februarie 1997 in Port Elizabeth, Oos-Kaap.

### SKOOL & UNIVERSITEIT

Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Fichardtpark en behaal sy BTh aan die Universiteit van die Vrystaat en is tans besig met nagraadse studies in Hebreeus.

### ERVARING EN BEROEP

Domonic is vir die afgelope agt maande leraar by die NG Kerk St Helena in Welkom.



### MY BELANGSTELLINGS

Jeug, pastoraat en die Woord van God. Domonic hou van beide die Ou- en Nuwe Testament, asook Grieks en Hebreeus. Hy hou van stap langs die see of in die natuur.

### WAT GEE MY MOED EN HOOP

Om te sien dat ons as gelowiges wel kan saamwerk vir 'n doel wat groter is as onsself.

### MY DRYFKRAG

Die wete dat God my geroep het vir die bediening en dat elke dag nog 'n geleentheid is om Hom te verheerlik en tot Hom en sy skepping te nader.

### MY DROOM VIR DIE KERK

Dat ons sal fokus op ons leuse *Een Liggaam en Een Gees*; dat ons dit ter harte sal neem en besef dat ons as die Kerk, hier is vir God en sy skepping – dit is waarom ons geroep is, dit is waar ons fokus moet lê.

### FAMILIE

Domonic is getroud met Lunette en hulle het twee pastorie-hondekinders, Lila en Hazel.

# Ds René Wessels

NG Gemeente Virginia

## VAN WAAR?

Gebore en getoë in Bloemfontein.
'n Vrystater in murg en been!

## SKOOL & UNIVERSITEIT

**Laerskool:** Oranje Meisieskool
**Hoërskool:** Oranje Meisieskool
**Universiteit:** KOVSIES *(Universiteit van die Vrystaat)*

## ERVARING EN BEROEP

- In 2021 gelegitimeer as Diensleraar en begin in Februarie 2022 by NG Kerk Virginia Moedergemeente as leraar.
- In 2022 gelegitimeer as 'n leraar met volle bevoegdheid.

## MY BELANGSTELLINGS

- Fotografie
- Tuinmaak
- Kuier met vriende en familie

## WAT GEE MY MOED EN HOOP

*"Wat my moed en hoop gee, is dat God met elke paadjie wat hy saam met ons loop 'n nuwe geleentheid skep of dat daar vir ons verrassings wag om elke draai. Dat niks onmoontlik is nie."*

Baie geluk met die legitimasie as leraar met volle bevoegdheid.

**Seënwense.**

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Dat ons as gelowiges weer sal leer om saam te ontdek wat die samesyn van 'n geloofsgemeenskap kan beteken - met een doel voor oë - liefde en omgee vir mekaar.

## MY DRYFKRAG

Om elke dag die mense in die gemeenskap te kan bystaan en so God te kan dien en te kan sien hoe Hy in elkeen se lewe teenwoordig is en werk. Om vas te hou aan dit: Dat God elke dag saam met ons is; dat ons aan hom kan vashou en Hy hou ons vas.

## GESIN

My man, Gerhard, is tans die predikant by die NG Kerk Dagbreek in Welkom en ons geniet die bediening saam.



## **Karisma.** Wat 'n mens. Wat 'n diamant. **Wat 'n voorreg.**




'n Diamant is die kosbaarste, skitterendste en hardste edelgesteente wat bekend is en bestaan uit kristallyne koolstof, gewoonlik kleurloos of getint en deursigtig of deurskynend. 'n Diamant is ŉ vorm van gewone koolstof wat onder geweldige hitte en druk gekristalliseer het. Dit word verder geslyp in verskillende vlakke en fasette. Wanneer jy dit bekyk, en draai, en vanuit 'n nuwe hoek kyk, slaan dit opnuut jou asem weg. Soos Karisma... haar gunsteling sê-ding is nie verniet "*Veni, vidi, vici ('I came, I saw, I conquered')*" nie.

Karisma Coetzer (of du Pisanie soos die Vrystaat-kerk haar ken) was vir die afgelope ses jaar in diens van die Sinodale kantoor. Sy is vir baie mense verskillende dinge, elkeen wat haar pad kruis, beleef 'n ander faset van hierdie diamant. Maak nie saak uit watter hoek jy kyk nie, sy straal blink lig uit!


**Lees meer** »


# Koffie met Karisma...


**Deur**

*Dr Johan Nel, Sinodale Kerkkantoor*

**Foto: Karisma Coetzer**

Sinodale

# Vrouekonferensie

NG Kerk Vrystaat

Dankie aan elke vrou wat gedurende die jaar haar deel gedoen het vir die bediening aan vroue in die gemeentes in die Vrystaat

**Lees meer** »

**Geloofsbrief** »

## 11 Saterdag Februarie 2023

**Universitas Geloofsentrum**
Strauss-straat 12, Bloemfontein

**Besprekings open reeds op Dinsdag 29 November 2022**
en sluit op Maandag 17 Januarie 2023



**Koste: R250 per persoon**
Spreker: Dr Stephan Joubert

**NAVRAE** | Marietjie van der Merwe - 076 113 9601

Mag elkeen van julle jul lig laat skyn, hoop bring en 'n verskil maak in jou gesin en gemeente

© 2022 | NG Kerk Vrystaat




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# Excelsus
## VBO-Jaarprogram 2023



+ Loer hier en teken aan



# Lydenstyd
## Die jaar van God se genade

Die eerste 2023 kreatiewe werkswinkels op **8 en 9 Februarie**, oor die viering van die kerklike jaar | 20 VBO-punte.

Lees hier +

Skryf in +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**VrydagNuus**
Nuusbrief
**Lees hier**

**Grens.Pos**
Nuusbrief
**Lees hier**

**Noord-Kaapland**
Nuusbrief
**Lees hier**

## BROKKIES UIT kerkbode

**UIT GUSTAV SE PEN: REAKSIE OP 'KWAADWILLIGE' KETTINGBRIEF WAT OP SOSIALE MEDIA VERSPREI WORD**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*8 Desember 2022*

**'DIT GAAN ERGER DAAR … DIÉ LAND HET OMGEE, GEBEDE NODIG,' SÊ OEKRAÏENSE SENDELING**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*7 Desember 2022*

**'EK IS DIEP HARTSEER DAT IN MY GESLAG ONS NIE KERKEENHEID KON BEREIK NIE' – LERAAR KYK TERUG NA PAD MET VGK EN NGK**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*6 Desember 2022*

**ARNOLD GRIESEL VAN BETHULIE SKRYF: IS WELWILLENDE UITKOMS MOONTLIK MET SPANNING TUSSEN LIDMATE WAT ANDERS GLO?**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*2 Desember 2022*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## NG Fichardtpark

BRING DIE HELE GESIN!

**FAMILIE VET PRET-DAG**

Te NG Fichardtpark Kerksaal vanaf 11:00-18:00.

| 09 | 12 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## Torings van Hoop

DIE KRAG VAN DIE LIG!

**Kersfees 2022 @ Torings van Hoop**

Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie (Johannes 1:5).

| 20 | 12 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES

NUUT

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE *Oorgeneem uit* ***Kerkbode***

### KROONSTAD-OOS

DRIE JAAR LERAARSPOS

Sluit: **31 Desember 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

### VREDE-WES

LERAARSPOS

Sluit: **31 Desember 2022**

NUUT

STELLA straat

NG GEMEENTE

### STELLASTRAAT

VIERDE LERAARSPOS

Sluit: **8 Januarie 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

### ORANJEVILLE

LERAARSPOS

Sluit: **17 Januarie 2023**

NUUT

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

### BAINSVLEI

ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Sluit: **31 Januarie 2023**

NG Kerk in Oos-Kaapland
'n Vriendekring wat saam groei

NG GEMEENTE

### TARKASTAD

DEELTYDSE LERAARSPOS

Sluit: **13 Februarie 2023**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Tertius Lamprecht,** leraar van NG Gemeente Bethlehem-Efrata, ontvang op Saterdag 31 Desember 2022 demissie. Hy het die beroep na NG Gemeente Riversdal-Wes aanvaar.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

Bybel-Media

Bybel-Media
Vennoot in geloof en bediening

**NUUT**
BESTEL VANDAG

# Bestel jou **Jaarboek 2023** vandag


**Beperkte voorraad** beskikbaar!

**- GEEN PRYSVERHOGING -**

**1-3 BOEKE teen R385 elk**
**4+ BOEKE teen R365 elk**
**CD's teen R295 elk**
**BOEK EN CD teen R455 per stel**

Die Jaarboek van die NG Kerke 2023 bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Die Jaarboek verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerk-kantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.




**BESKIKBAAR**
MIDDEL DESEMBER 2022

**KOOP HIER** | MEER INLIGTING

# VERJAARSDAE




## Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## DESEMBER

| | |
|---|---|
| 10 | Ds Laurie Naudé<br>**MEYERHOF** |
| 15 | Dr Charles Mitchell<br>**ANDREW MURRAY** |
| 15 | Ds Gert Victor<br>**HARRISMITH** |
| 20 | Ds Natasha du Plessis<br>**LUCKHOFF** |
| 21 | Ds Cobus Hamman<br>**BAINSVLEI** |
| 27 | Ds Johan Marais<br>**BERG-EN-DAL** |

# VERJAARSDAE



## JANUARIE

**01** Ds Mias van Jaarsveld
HEUWELSIG

**02** Ds Friedrich Kotzé
VAALPARK

**02** Ds Waldemar Stumpfe
FICKSBURG

**07** Ds Willie Griesel
HERTZOGVILLE

**08** Mnr Frans Mosala
BOUDEPARTEMENT

**09** Ds Craig Saltzmann
HEUWELSIG

**09** Ds Madelein Bakker
BETHLEHEM-OOS

**13** Ds Jan Botha
SASOLBURG-SENTRAAL

**14** Ds Tano Bongers
BLOEMFONTEIN-NOORD

**14** Ds Jan Venter
CLARENS

**15** Dr Leon Foot
WELKOM-SUID

**16** Ds Pikkie Maritz
OOSHOEK

**16** Ds Erich Cornelissen
HARMONIE

**18** Ds Willie Beets
ODENDAALSRUS

**19** Dr Johan Marais
EXCELSIOR

**21** Dr Johan Nel
SINODALE KANTOOR

**24** Ds Johan David
BLOEMFONTEIN-WES

**24** Ds Rikus van Zyl
EDENBURG

**25** Ds Dougy Bubb
BETHLEHEM-EFRATA

TEKS: **Filippense 2 : 5-11, Johannes 12 : 46** (AFR83)

**Ds Adrie Potgieter** | Interimkomitee Addisionele Lid en leraar van NG Gemeente Senekal-Noord

# Wat gee jy hierdie **Kersfees?**

***"Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat die wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie".***

*— Johannes 12:46 —*

Vandag vorm die gee van geskenke vir mekaar 'n sentrale deel van Kersfees. Vir baie is die kans om geskenke te kry, dikwels die hoogtepunt van die feestyd. Waar kom die gebruik vandaan?, vra jy. Party sou sê dit kom van die wyse manne uit die Ooste wat vir Jesus geskenke gebring het, geskenke gepas vir 'n Koning. Tog weet ons dat die grootste geskenk wat ons kry is Jesus wat aarde toe kom, God wat Sy Seun vir ons kom gee.

Dalk is die vraag wat ons eerder moet vra, nie wat het jy gekry nie, maar eerder wat het jy gegee? Wat gee jy hierdie jaar? Filippense 2:5-11 dui daarop dat ons gesindheid moet ooreenstem met dié van Jesus. God kom en gee vir ons sy Seun, die heel grootste geskenk wat ons ooit kan ontvang. 'n Duur geskenk wat Sy lewe kos, Hy gee homself en is bereid om vir ons te sterf. As ons dan sê Jesus gee Sy lewe, wat gee ons?

Die grootste geskenk wat ons ooit kan kry is Jesus, maar hierdie geskenk se betekenis word eers dieper ontdek wanneer jy dit vir ander begin gee en met ander deel. Jesus se voorbeeld wys vir ons dat ons ook onsself moet gee.

Kerstyd is 'n tyd van deernis.'n Tyd waar ons dié om ons raaksien wat nie kos op hulle tafels het nie. Dis die tyd waar ons 'n kruk word vir dié wat deur die lewe mank geslaan is. Kerstyd is omgee-tyd, trane-afdroog-tyd, selfgee-tyd.

Jesus sê vir ons in Johannes 12:46 "Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat die wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie."

Kerstyd vra van ons om ligte vir hierdie donker wêreld te wees.

Mag jy in hierdie Kersfeestyd Jesus se wonderlike geskenke ontvang. Mag jy dit ook gaan deel met almal rondom jou!

**Blogartikel** »



Foto: **Ds Adrie Potgieter**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Dinsdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Karisma Coetzer
**skakel@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2022 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | **2022**

DEPARTEMENT KOMMUNIKASIE EN BEMARKING